

Hoofstuk van die dag: 1 Petrus 4

> *Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. (vers 7)*

In hierdie hoofstuk help Petrus ons om te verstaan dat ons as navolgers van Christus met die sonde klaar is en dus nie meer

deelneem aan die sondige praktyke wat mense doen nie (vers 1-6).

Petrus sê dit kan maklik gebeur, wanneer ons aan die hand van iemand anders ly of ons sien dat hulle ’n sondige lewe lei, dat ons daardie persoon wil veroordeel. Los dit vir God, sê hy (vers 5 en 6). Daar is nie tyd om jou oor ander se doen en late te verknies nie. Nee, nou is die tyd om selfbeheersd en nugter te wees, sodat jy kan bid. As ’n mens se kop vol is van dinge wat jou oor ander pla, of vol van die sorge van die lewe, kan jy nie stil word voor God nie.

Een van die versoekings in dié dae is dat ons die hele tyd besig is met die korona-virus. Dit hou ons denke besig, maak ons angstig. Dan is jy nie gereed om in God se teenwoordigheid te kom en na te dink oor wat God se wil vir jou nóú vra nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026